

Meningstuk: Is dit belangrik om Suid-Afrikaanse Gebaretaal te bevorder?

Meningstuk deur prof Theo du Plessis, emeritus-professor in die Departement Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Dowestudies aan die Universiteit van die Vrystaat.

Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) is die kleinste erkende taal van Suid-Afrika. Ofskoon van die land se organisasies vir dowes daarop aanspraak maak dat meer as een miljoen Suid-Afrikaners dié taal gebruik, registreer die 2011-sensusopname slegs 234 655 burgers wat SAGT as 'eerste gesproke taal' gebruik. 'n Mens moet in gedagte hou dat hierdie getal natuurlik horende kinders van dowe ouers kan insluit. Die veronderstelde een miljoen-syfer sluit by implikasie dus landsburgers in wat SAGT as 'n addisionele taal gebruik, waaronder 'n redelike persentasie hardhorende burgers, maar uiteraard ook horende burgers wat die taal as gevolg van gereelde kontak met dowe persone aangeleer het. As sodanig kom SAGT tereg as 'n taal van min of meer dieselfde orde grootte as Ndebele (1 090 223 sprekers), Swati (1 297 046 sprekers) en Venda (1 209 388 sprekers), met ander woorde binne die groepie 'kleiner' Suid-Afrikaanse tale. Ons sou die nie-Bantoe kliktale soos Nama ook hierby kon insluit. Ongelukkig lys die sensusopname nog nie hierdie taalgroep afsonderlik nie, dit ten spyte van die Grondwet se erkenning hiervan. Landsburgers wat 'n taal soos Nama as eerste gesproke taal gebruik, se keuse val in hierdie stadium onder die sensus se kategorie 'Ander tale' (828 258 sprekers), dit wil sê, saam met 'n hele aantal tale soos Frans, Hindi, ensovoorts.

Om SAGT te bevorder sal ander kleiner tale uitlig

Die vraag of dit belangrik is om SAGT te bevorder het by implikasie dus ook op Suid-Afrika se ander kleiner tale betrekking, en wat dit betref, op kleiner tale oor die algemeen. Ons Grondwet tref egter nie enige onderskeid tussen erkende Suid-Afrikaanse tale wat grootte betref nie, maar volg eerder 'n egalitêre benadering deur die bevordering van die erkende tale, ongeag hulle grootte, in die vooruitsig te stel. Artikel 6 van die Grondwet saal spesifiek die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT), 'n statutêre liggaam, met hierdie verantwoordelikheid op deur te vereis dat die raad die ontwikkeling en gebruik van die elf

amptelike tale, die nie-Bantoe klike tale (waaronder Nama), asook “gebaretaal [sic]” (by implikasie SAGT) sal bevorder EN tegelykertyd omstandighede sal skep vir die ontwikkeling en gebruik daarvan. Uit ’n taalbeplanningsoogpunt beskou, is dit reeds ’n besonder ambisieuse opdrag, maar daarby boonop een wat aan ’n statutêre liggaam toegewys word; instellings waaroor daar in Suid-Afrika ’n gesonde mate van sinisme bestaan, gegewe hulle bedenklike prestasie sedert 1994. Dink hier maar net aan die huidige debat oor die Openbare Beskermer. Nietemin, Harald Haarmann, ’n vooraanstaande taalsosioloog, se ideaaltipologie van taalkultivering en taalbeplanning voorsien dat regerings- en statutêre instellings in terme van organisatoriese impak relatief gesproke meer effektief kan wees met taalbevordering as nieregerings- en niestatutêre instellings soos drukgroepe, taalorganisasies en individue. Effektiwiteit berus in hierdie tipologie by ’n goed uitgewerkte taalplan wat inderdaad uitgevoer word. Waar sulke instansies tekort skiet, spreek dit vanself dat nieregerings- en niestatutêre instellings sal moet inspring om die saak te beredder. In die lig van die grondwetlike mandaat aan PanSAT toegeken, is die openingsvraag of dit belangrik is om SAGT (en wat dit betref, ook die ander gelyste tale) te bevorder in werklikheid irrelevant. Dit is belangrik, want die Grondwet vereis dit, so eenvoudig is dit. ’n Mens behoort dus eerder te vra waarom die Grondwet die bevordering van die drie gemelde groepe tale belangrik ag.

Die Grondwet maak voorsiening vir alle tale

As uitgangspunt sal dit help om in gedagte te hou dat die Grondwet taalbevordering koppel aan taalontwikkeling en taalgebruik (in hierdie geval nie hóé die taal gebruik word nie, maar dát die taal gebruik word, dit wil sê, taalgebruiksverspreiding). In taalbeplanningsterme verwys taalontwikkeling onder meer na die ontwikkeling en standaardisering van die taalkorpus en taalkode. Dit sluit in die ontwikkeling van ’n skryfstelsel, grammatikas, woordelyste, woordeboeke, terminologie, kurrikulums, literatuur, ensovoorts. Sodanige ontwikkeling is ’n voorvereiste vir die gebruik van die taal in die onderwys, hetsy by die onderrig van die taal of die gebruik van die taal as onderrigmedium. Taalverspreiding verwys na hoe die taal letterlik deur middel van toenemende gebruik deur die gemeenskap binne verskillende kontekste versprei. Ook hierin speel onderrig ’n belangrike rol – word die taal as vak onderrig, maar word dit daarbenewens ook as addisionele of vreemde taal onderrig? (Binne die taalsosiologie word ’n vreemde taal beskou as ’n taal wat die leerder eintlik nie in sy of haar daaglikse lewe hoor of gebruik nie.) Hier is derhalwe duidelik sprake van ’n verwikkelde verhouding tussen taalontwikkeling en taalgebruiksverspreiding – hoe meer die aangewese taal deur verskillende mense binne verskillende kontekste gebruik word, hoe meer ontwikkel daardie taal, en hoe meer dit ontwikkel, hoe meer sal mense dit binne ’n

verskeidenheid kontekste wil gebruik.

Een manier om te probeer antwoord waarom die Grondwet die bevordering van onder meer 'n taal soos SAGT belangrik ag, is om te kyk na die individuele taalregte wat die Grondwet toeken, soos vervat in hoofstuk 2 van die Grondwet, die Handves van Regte. Van die meer opvallende individuele taalregte kom saaklik aan die bod:

1. Artikel 29 van die Handves van Regte waarborg die reg van onderrig in die amptelike taal (of tale) van jou keuse. Ofskoon SAGT (nog) nie in Suid-Afrika 'n amptelike taal is nie, bepaal die *Suid-Afrikaanse Skolewet* dat die taal vir die doeleindes van leer in 'n openbare skool as amptelike taal geag word. Vanselfsprekend vereis hierdie bepaling dus dat SAGT vir onderrigdoeleindes ontwikkel en dat sodanige ontwikkeling bevorder sal word. Die institusionalisering van SAGT as huistaal binne die sogenaamde Kurrikulum- Assesseringsbeleid Verklaring (KABV)¹-stelsel sedert 2014 (sien [https://www.education.gov.za/Curriculum/CurriculumAssessmentPolicyStatements\(CAPS\).aspx](https://www.education.gov.za/Curriculum/CurriculumAssessmentPolicyStatements(CAPS).aspx)) is 'n ooglopende voorbeeld van die effektiewe bevordering van die taal deur sowel 'n regeringsinstansie – in hierdie geval die Departement van Basiese Onderwys, en 'n statutêre instansie – Umalusi, die Raad vir Gehalteversekering in Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding (sien <https://www.umalusi.org.za/>). Ten einde die gebruik van SAGT te bevorder, behoort die taal egter nou ook as addisionele taal onderrig te word. Die *Wet op Gebruik van Amptelike Tale* berei die weg hiervoor voor deur te vereis dat staatsinstellings sowel as statutêre instellings effektief moet kan kommunikeer met lede van die publiek wat verkies om SAGT te gebruik. Uiteraard kan dit bewerkstellig word deur professionele tolkdienste, maar sekerlik ook deur programme wat taalvaardigheid in SAGT ontwikkel, soos tans aan enkele Suid-Afrikaanse universiteite reeds die geval is. PanSAT se *SAGT Handves* bevorder ook hierdie oogmerk.
2. Artikel 30 en 31 van die Handves van Regte waarborg die kulturele regte rondom die gebruik van die taal van jou keuse binne die gemeenskap en organisasies van jou keuse. Dit spreek vanself dat die verantwoordelikheid omtrent taalbevorderingsaksies in hierdie kontekste op die skouers van drukgroepe, kulturele instansies en individue rus. Organisasies binne die dowe en hardhorende gemeenskap speel hierin 'n belangrike rol, maar uiteraard wil 'n mens ook sien dat PanSAT sowel as instansies soos die Mensregtekommissie en die kommissie met die lang naam (die Commission for the Promotion and Protection of the Rights of

¹ Skryf dalk uit: Kurrikulum- Assesseringsbeleid Verklaring (KABV)

Cultural, Religious and Linguistic Communities – kortweg die CLR Rights Commission – sien <https://crlcommission.org.za/about>) hier 'n meer prominente rol sal speel. PanSAT se *SAGT Handves* kan hierin 'n belangrike rol as instrument van taalbevordering speel.

3. Artikel 35(3)(k) van die Handves van Regte waarborg 'n geregtelike verhoor in 'n taal wat die beskuldigde verstaan of, waar dit nie moontlik is nie, om die verrigtinge in daardie taal getolk te kry. Noudat Suid-Afrika se Hoofregter Engels as die rekordtaal van howe geproklameer het, val die eerste deel van die bepaling grootliks weg. 'n Waardige tolkdieners vereis goedopgeleide SAGT-tolke wat oor gepaste taalvaardighede beskik. PanSAT se *SAGT Handves* het heelwat te sê oor die ernstige tekortkominge op hierdie terrein; eintlik 'n braak veld vir die soort taalbevordering wat die Grondwet voorsien.
4. Artikel 35(4) van die Handves van Regte waarborg inligting aan 'n gearresteerde, aangehoue en beskuldigde persoon in 'n taal wat die persoon verstaan. Gegewe die huidige stand van Suid-Afrika se polisie-dienste, kan 'n mens jou net indink hoe moeilik dit is om hierdie reg te verwesenlik, vandaar dat PanSAT se *SAGT Handves* ook breedvoerig bevorderingsaksies hieromtrent in die vooruitsig stel. Ook hier wag nog veel werk vir die (taalbevorderings-)winkel.

Is dit belangrik om SAGT te bevorder? Uit hierdie saaklike oorsig merk ons waarom die Suid-Afrikaanse Grondwetskrywers die bevordering van SAGT as belangrik ag. Afgesien van die feit dat sodanige bevordering daadwerklik meewerk aan die verwesenliking van taalregte in die Handves van Regte, dra dit ook wesenlik by tot die realisering van die ideale van die Grondwet soos vervat in die aanhef daartoe. Veral die oogmerk om “(d)ie lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit”, vang 'n mens se oog. Die bevordering van SAGT is daarom belangrik omdat dit 'n edele saak dien.

Prof Theodorus du Plessis, emeritus-professor, Departement Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Dowe Studies, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, 18 Augustus 2021, dplesstl@ufs.ac.za.

Bronne

- Haarmann, H. (1990). Language planning in the light of a general theory of language: a methodological framework. *International Journal of the Sociology of Language*, 86, 103-126.
- Heads of the Superior Courts. (2017). *Heads of Court resolution on the language of record in South African courts*, 31 March 2017. Retrieved November 12, 2020, from News/The

South African Judiciary:

https://www.judiciary.org.za/images/news/2019/Heads_of_Court_resolution_on_the_language_of_record.pdf

Kaplan, Robert B. & Richard B. Baldauf Jr. (1997). *Language planning from practice to theory*. Clevedon: Multilingual Matters.

Pan-South African Language Board. (n.d.). South African Sign Language Charter. Retrieved April 23, 2020, from <https://pansalb.org/sasl-charter/>

Republic of South Africa. (1996). Constitution of the Republic of South Africa. *Act 108 of 1996*. Pretoria: Government Printer.

Republic of South Africa. (2012). Use of Official Languages Act, 2012. *Act No. 12 of 2012*. Pretoria: Government Printer.

Republic of South Africa. (1996). South African Schools Act, 1996. *Act 84 of 1996*. Pretoria: Government Printer.

Statistics South Africa. (2012). Census 2011 Census in brief. Pretoria: Statistics South Africa.